**Sondag 17 September**
**Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46**
**Fokusgedeelte: Matteus 25:45, 46**
**Die kenmerk van ’n gelowige mens**

Jesus is hier besig met die slot van sy profetiese rede oor die wederkoms. Wanneer Hy weer kom, word die skape en die bokke geskei. Die bokke is ’n metafoor vir die mense wat hulle rug op die Here gedraai het. Hulle kon Hom ken, maar wou nie en nou is daar vir hulle geen verontskuldiging nie (Rom. 1:20, 21). Die skape dui op sy uitverkore kinders uit alle volke en nasies. God het hulle geseën en die koninkryk vir hulle voorberei.

Maar hoe word gelowiges en ongelowiges van mekaar onderskei? Hy kyk na hulle CV, daardie dokument wat ons indien wanneer ons vir werk aansoek doen en wat ons kwaliteite, kwalifikasies en eienskappe beskryf.

Ons CV met die wederkoms moet eintlik net een vraag beantwoord, en dit is: Wat het ons aan Jesus gedoen? Om die antwoord op die vraag te ontlok, gaan staan hy in die skoene van weerlose mense – dié wat honger is, dors is, siek is of vreemdelinge en gevangenes is. Wat ons aan hulle gedoen het, doen ons aan Jesus. Wegdraai van die weerloses is wegdraai van Jesus. Deernis en diens aan die weerloses is liefde en diens aan Jesus. Dit is die kenmerk van ’n gelowige.

Ons CV by die wederkoms kan indrukwekkende dinge bevat, soos: gedoop, belydenis van geloof afgelê, die ware leer met ywer nagestreef, kerkvastheid, ampsbediening of die voorbanker by kerklike vergaderings. Ek het my huwelik heilig gehou en my verbondskinders geleer om die Here lief te hê. Natuurlik is al hierdie sake edel en belangrik. Maar Jesus soek iets besonders in ons CV en dit lê in die vraag: Het al hierdie belangrike lewenskeuses my gebring tot ’n lewe vir Jesus in die skoene van die weerlose en nooddruftige mense? Het ek vir Jesus kos, water, klere en herberg gegee toe Hy in die skoene van mense in nood voor my kom staan het?

As my liefdesdiens, hoe gebrekkig soms ook al, op my CV verskyn, kan ons instap in die koninkryk. Getuig u CV van dit wat u aan Jesus doen?

*Sing: Skrifberyming 11-4:1–3*
*Prof. JM Vorster (Koos) (emeritus)*